

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 10 May 2017
Page: 3

AVE: 18049.21
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



**Sport en akademie is ewe belangrik vir dr. Margrit Springer. Sy is al die laaste drie jaar kaptein van die Tuks-vlugbalspan en het ook onlangs haar graad in geneeskunde verwerf.**

# Sy vang graad én speel vlugbal vir SA

Vir dr. Margrit Springer is balans die sleutel tot sukses.

Dié Pretorianer, wat onlangs haar graad in geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria (UP) behaal het, is gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig op die Sone 6-strandvlugbalkompetisie wat later vanjaar in Namibië plaasvind.

Springer was die afgelope drie jaar kaptein van die Tuks-vlugbalspan. Sy het die Waardevolste Speler-toekenning drie jaar agtereenvolgens ontvang en het die UP in verskeie kompetisies verteenwoordig, insluitend 'n Varsitysports-vlugbaltoernooi wat op televisie uitgesaai is waar sy as speler van die toernooi en "superstriker" aangewys is.

Dr. Springer blink nie net in sport uit nie, maar ook op akademiese gebied. Sy verduidelik dat balans vir haar baie belangrik is. "Jy moet jou akademie, oefening, sport en jou sosiale lewe balanseer. Mens voel soms dat jy nie tyd het vir oefening nie, maar jy moet tyd maak," sê sy.

> “ Omring jou met mense wat jou motiveer.

Sy het op 'n loopbaan in geneeskunde besluit omdat sy mense wil help, en sy reken dít is die hoofdoel daarvan om 'n dokter te wees. Sy sê dit behels egter meer as net om mense te help – daar is ook ubuntu, wat eenvoudig beteken dat jou menslikheid bevestig word wanneer jy ander mense se menslikheid bevestig.

"My wens vir alle Suid-Afrikaners is dat ons almal vriendelik teenoor mekaar kan wees, geduldig en met respek, en luister wanneer daar met ons gepraat word,' sê sy.

Op die vraag oor waar sy haar oor vyf jaar sien, sê sy: "Ek sal hopelik 'n pos as kliniese assistent in anestesiologie beklee. Ek sal seker ook getroud wees en dit oorweeg om 'n baba of twee te kry."

Haar raad aan studente is om hulself met mense te omring wat hulle motiveer en nie met mense wat jou aftakel of jou doelwitte kritiseer nie.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.